VulaLearn

# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 8*

# *Voornaamwoorde*

## Notas

Jy moet die volgende voornaamwoorde kan uitken en gebruik:

- Persoonlike vnw. (personal pronoun)
- Besitlike vnw. (possessive pronoun)
- Vraende vnw. (questions)
- Betreklike vnw. (relative pronoun)

PERSOONLIKE VNW.

Ons gebruik dit in die plek van mense se name:

*Ek / jy / sy / hy / ons / julle / hulle / u* luister na die onderwyser.

(onderwerp) Die onderwyser praat met *my / jou / haar / hom / ons / julle / hulle / u.* (voorwerp) Let wel: 'n mens + jy/jou

'**n Mens** moet versigtig wees vir dit waarin **jy** glo.

**'n Mens** moet jou nie steur aan wat die wêreld van jou dink nie.

{“sy" persoonlike vnw. = vroulik besitlike vnw. = manlik.}

BESITLIKE VNW.

Ons gebruik dit wanneer ons die besitter uitwys:

Dit is *my* rok. / Die rok is *myne.*

Dit is *haar* boek. / Die boek is *hare.*

Dis *ons* klere. / Die klere is *ons s'n.*

Dis *hulle* boeke. / Die boeke is *hulle s'n.*

Dit is *jou* boek. / Die boek is *joune.*

Dit is *sy* fiets. / Die fiets is *syne.*

Dit is *julle* boeke. / Die boeke is *julle s'n.*

Dis *u* kinders. / Die kinders is *u s'n.*

<u>VRAENDE VNW.</u>

Ons gebruik dit wanneer ons 'n vraag vra:

*wie / wat / waar / wanneer / waarom / hoe / watter* ?